‘n Vrou se rol

MENS TOT MENS

☺ Wat is uitdagings van ‘*vrouwees*’ in vandag se samelewing?
☺ Wat is die tipiese dinge wat verouens verkeerd doen in verhoudings

MENS TOT GOD

➭ **Lees** Ps 19:10-12 as inleiding tot julle gebed
➭ Bid vir God se leiding in julle ontmoeting.

GOD TOT MENS

📖 Lees: Genesis 2:18-24
Efesiërs 5:21-24
Kolossense 3:18
1 Petrus 3:1-8

Inleiding:
Die fondasie vir al die riglyne vir vrouens in die Bybel lê in Eva en in die kerk. In Efesiërs 5 hoor ons dat wat tussen Jesus en die kerk aangaan die patroon is vir wat in ‘n verhouding moet aangaan. Andersom, as jy na ‘n man en vrou se verhouding kyk behoort jy Jesus en sy kerk daarin raak te sien.

Bespreking:

- Hoekom het God vir Eva gemaak? Gen 2:18
- Wat word bedoel met die twee woorde "....'n helper, 'n gelyke"? Gen2:18;v20
- Wat beteken dit om "onderdanig" te wees? Ef5:21
- Wat behoort 'n vrou se rede te wees om aan haar man onderdanig te wees? Ef5:21
- Hoe behoort 'n vrou haar onderdanigheid aan haar man te benader? Ef5:22
- Sal dit vir 'n vrou 'n slegte/gevaarlike ding wees om onderdanig aan 'n man te wees wat haar lief het soos Jesus vir die kerk lief is?
- Wat staan 'n vrou te doen as haar man nie oor God en die ware rol van 'n man gepla is nie? 1Pet3:1,2
- Aan watter skoonheid behoort 'n vrou heel eerste haar aandag te gee?
- Hoe pas die man se rol as leier en versorger en die vrou se rol as helper en ondersteuner wonderlik in mekaar?

MENS TOT MEDEMENS

☺ Wat het vir jou uitgestaan van wat in die Bybel geleer word oor vrouens en mans se rolle?

☺ Wat het meisie nodig om eendag goeie vrouens te kan wees?

☺ Waar moet 'n vrou begin as sy aan haar huwelik wil begin werk?

- ☺ Wat sal in ‘n vrou gebeur as haar man haar liefdevol lei en versorg?
- ☺ Wat sal in ‘n man gebeur as sy vrou hom goed help en ondersteun?
- ☺ Waaroor gaan die huwelik dan eintlik?

MENS TOT GOD:

- 🗣 Bid:
  - 🗣 Here, ons samelewing maak ons baie deurmekaar oor wat ‘n ware vrou is, help ons om deur U oë te kyk.
  - 🗣 Maak asb Jesus en sy werk vir ons so duidelik en sigbaar dat ons daarin mag leer van ware vrouwees.
  - 🗣 Ons bid vir vrouens en huwelike wat sukkel, dat U ons wysheid gee om mekaar by te staan en raad te gee.
  - 🗣 Baie dankie dat U vir ons leiding gee en ons nie alleen los nie.